

2 Oktober 2014

Jaargang 7 – Uitgawe 33

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en werkrumtes
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)



## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhka.org](http://www.nhka.org)  
Die Hervormer [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)  
e-Hervormer [www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)  
Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

## VOORBLAD

### Niemand het dit raakgesien nie...

**Ek kan nie meer so aangaan nie... Ek het seer... So vertel Carmen tydens die 6de Algemene Diakensvergadering.**

Haar ma is oorlede net voor sy elf geword het. Haar pa het sy toevlug tot drank geneem, en gewelddadig teenoor haar en haar boetie geraak. Hy het haar boetie uit die skool gehou, maar sy het vieruur in die oggend oor die hek geklim om skool toe te gaan. Niemand het dit raakgesien nie... behalwe een onderwyseres.

Danksy hierdie onderwyseres is Carmen deur Suzanne van Deventer, maatskaplike werker van die Ondersteuningsraad (OSR), beveilig uit die situasie van geweld. Na verskeie pogings om haar in pleegsorg te plaas, is sy in 'n DPS-huis geplaas. Dorette, die DPS-huismoeder, het haar nuwe ma geword. En Suzanne was altyd daar om te help. Hierdie jong, getraumatiseerde meisie het liefde, ondersteuning en 'n tweede kans in die lewe gekry. En sy het dit gevat. Sy het in 2012 gematrikuleer met 'n onderskeiding en studeer tans verder.

Elke keer as ek aan Carmen se verhaal dink, is ek opnuut dankbaar – dankbaar vir onderwysers wat omgee, dankbaar vir maatskaplike werkers wat dáár is vir kinders. En dankbaar vir ons Kerk, wat dekades gelede al die visie gehad het om die OSR en die DPS-stelsel in die lewe te roep om kinders soos Carmen te kan help.

Maar daar kom 'n tyd wanneer die geld begin opraak. En hoe graag gemeentes ook wil aanhou om hierdie mense te help, raak dit moeiliker en moeiliker. Meer en meer gemeentes trek finansiële swaar, en dit begin vir die Kerk onmoontlik raak om al hierdie werk in stand te hou. Om dinge te vererger, hou staatsubsidies nie tred met die koste om hierdie werk te doen nie. Dit begin lyk of al uitweg vir die Kerk is om hierdie dienswerk te beëindig...

Maar die 6de ADV het anders geoordeel. Ons kan nie hierdie kinders en ander mense in nood in die steek laat nie. As gemeentes nie meer kan nie, moet ons ander planne maak. En so is Projek 21 gebore – 'n langtermynprojek om die finansiële volhoubaarheid van ons diensorgane (die OSR, DPS-stelsel, TOIBO, Ons Tuis en die Monumenttehuise) te verseker. En nog meer, om wyer as die Kerk die lig van Christus te laat skyn in die lewens van mense met nood.

Projek 21 wil die las op gemeentes verlig, en daarom wil ons nie van gemeentes vra om hiervoor bydraes te lewer nie. Gemeentelike bydraes vind steeds plaas in die vorm van die jaarlikse barmhartigheidsoffers. Ons wil op 'n heeltemal ander manier werk:

- Ons wil 'n volhoubare inkomstestroom verkry deur individue wat debietorders teken van so min as R50 per maand (sonder om hul gemeentelike offergawes te verminder).
- Ons wil lidmate wat inspraak het in besighede se korporatiewe sosiale investering (CSI) en BEE-spandering vra om Projek 21 'n geleentheid te gee om 'n voorlegging te maak. BEE-sertifikate en Art 18A-belastingvrystelling is op aanvraag beskikbaar.
- Ons wil deur oordeelkundige eiendomsbelegging 'n nuwe bron van inkomste genereer wat die volhoubaarheid van die hulp op die lang termyn sal verseker.

Besoek ons gerus by [www.pro21.co.za](http://www.pro21.co.za) om meer te lees, en kyk na die video van Carmen se verhaal by <http://www.pro21.co.za/index.php/en/project-21>.

Mag ons altyd die nood van mense raaksien en dáár wees vir hulle.  
In Carmen se woorde: *Tannie Suzanne... was altyd, altyd daar... dat ek 'n doel in die lewe het... Ek het besef hoe geseënd ek is...*

**Ds Gerhard Stoltz**  
**Sekretaris: Kommissie van die ADV**



## BEROEPE EN WERKRUIMTES

### Beroep ontvang

- **Dr FJ (Frans) Boshoff** (emeritus) na Chrissiesmeer (deelyds)
- **Ds APJ (Dries) Beukes** (emeritus) na Swartkop (deelyds)

### Beroep aanvaar

- **Prof PA (Piet) Geysler** (emeritus) na Meyerspark (deelyds)
- **Dr FJ (Frans) Boshoff** (emeritus) na Chrissiesmeer (deelyds)
- **Ds APJ (Dries) Beukes** (emeritus) na Swartkop (deelyds)



Dr Frans Boshoff

Ds Dries Beukes

## PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Dr Willem Smith** van Parys **se broer, Peet**, is Dinsdag 30 September oorlede. Hy was 64. Hy het vir 'n skandering na Kroonstad gegaan, waar hy met breinkanker gediagnoseer is. Op pad terug is hy in die ambulans oorlede. Die begrafnisdiens is Vrydag om 11:00 vanuit Gemeente Sasolburg-Suid, waarna hy in die familiebegraafplaas tussen Sasolburg en Heilbron begrawe word. Ons innige simpatie gaan aan sy vrou, Eurica, en hul familie.



Prof Piet Geysler

- **Mev Wilna Davis** van die Afdeling Interne Oudit by die Sinodale Kerkkantoor **se broer** is Dinsdag 30 September oorlede. Ons dink aan haar en haar familie in hierdie hartseer tyd.

- **Dr Gerhard Lindeque se moeder, mev Annatjie Lindeque**, het op Maandag 29 September 'n drievat-hartomleidingsoperasie en 'n klepvervanging in die Unitas-hospitaal ondergaan. Sy en haar man, Jan, is lidmate van Gemeente Swartkop. Dit gaan reeds baie beter met haar, en ons bid haar algehele herstel toe.



Oudl Jan en mev Annatjie Lindeque saam met ds Dries Beukes

- **Ds Gerhardt Venter se seun Christaan Louis** is op 24 September gebore. Hy het 3,03 kg geweeg en hy en sy moeder, Theresa, is gesond en reeds tuis. Dit is Theresa se eerste kind en ds Venter se derde. Baie geluk!

- Baie sterkte aan **dr Wim Dreyer** wat op 'n trein tussen Nederland en Switserland beroof is van sy skootrekenaar, selfoon, geld en dokumente. Dr Dreyer is tans met studieverlof in Nederland. Hy sal Vrydag 10 Oktober na Suid-Afrika terugkeer indien hy betyds tydelike reisdokumente van die ambassade kan bekom.

- **Dr Daan en ds Sonia van Wyk** het Saterdag 27 September saam met 'n aantal lidmate van Gemeente Van Warmelo deelgeneem aan die jaarlikse interkerklike **Stap vir Bybels** te Vivo in Limpopo. Dit was vanjaar die sesde keer dat hierdie stap plaasgevind het. Die opbrengs word telkens aan die Bybelgenootskap van SA oorbetaal – R671 000 oor die afgelope vyf jaar! **Op die foto** verskyn dr Daan en ds Sonia saam met dr Kálmán Papp van die Bybelgenootskap.



Dr Kálmán Papp saam met ds Sonia en dr Daan van Wyk

- Gemeentes word vriendelik daaraan herinner dat die huidige boekjaar van die **Bybelgenootskap (BSA)** op 31 Oktober sluit. Bydraes aan die Bybelgenootskap moet asseblief **teen Vrydag 24 Oktober** oorbetaal word om te verseker dat dit betyds ontvang word. **Die deurkollekes van Hervormingsondag 2014 (26 Oktober) moet asseblief eers in November oorbetaal word** as die eerste bydraes vir die 2015-boekjaar. **Alle gemeentes in die RSA** word daaraan herinner dat bydraes direk oorbetaal moet word aan die Kempton Park Administratiewe Sentrum en nie aan enige ander Streekkantoor van die BSA of die ring of die Raad van Finansies nie. Gemeentes moet hul donateursnommer (soos dit in die gereelde bydraestate verskyn) as verwysing gebruik. Die mees resente state is reeds 'n geruime tyd gelede gepos maar ook onlangs per e-pos aan alle gemeentes





gestuur weens die posstaking. Mev Anne-Marié Nortjé kan ook gedurende kantoorure (08:00-16:00) by 011 970 4010 geskakel word vir donateurnommers of bydraesaldo's. Die BSA se bankbesonderhede is soos volg: Bybelgenootskap van Suid-Afrika, ABSA Kempton Park, takkode 632 005, rekeningnommer 260 220 748. Bevestig asseblief alle inbetalings per faks (011 970 2506) of e-pos aan [nortje@biblesociety.co.za](mailto:nortje@biblesociety.co.za). Die **bydraemikpunt** is **R40** per belydende lidmaat.



- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Elkeen wat by die bystand van 'n bejaarde betrokke is, moet altyd onthou dat die ouer mens in 'n ander, meer konserwatiewe tydperk grootgeword het, met ander waardes wat toe gegeld het en vir hulle doodnormaal was en vir hulle steeds geldig is. Selfs taalgebruik, woorde en benamings van destyds wat vandag taboe is, is steeds vir hulle normaal. Help hulle reg met deernis, begrip en geduld en spaar hulle ongevraagde verleentheid. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.



- Die **Landwye Bybelvasvra** en 'n konferensie oor gesins- en jeugbediening het die naweek van 26 September plaasgevind by die Kwaggasrus-kampterrein. In die Vasvra het **Elsburg** die Laerskoolafdeling en die afdeling vir Jong Hervormers gewen. **Potchefstroom-Noord** het met die louere wegstap in die Hoërskoolafdeling, en **Montana** was baas in die ope afdeling.

Opgewonde oor die Vasvra



## Studente-akkommodasie Universiteit Pretoria

Gemeubileerde kamers in private koshuis en kommunes beskikbaar vir studente  
Naby Universiteit, sportgronde en inkopiesentrums  
Vir Afrikaanse Christenseuns en -meisies

**Vanaf R2 800**

+27 12 362 1192 / +27 79 500 7500 / +27 71 659 6114  
E-pos: [admin@tukiestate.co.za](mailto:admin@tukiestate.co.za) / Info: [www.tukiestate.co.za](http://www.tukiestate.co.za)

## Allegaatjie

*Alles wat gebeur, groot en klein, is 'n gelykenis waardeur God met ons praat, en die kuns van die lewe is om die boodskap te verstaan.* (Malcolm Muggeridge)

### 'n Gedig oor liefde en afwesigheid

(Abélard aan Héloïse)

*Ek weef vir jou met rympatrone melodieë,  
strofes van herinnering aan ligte dae.  
Die himnes wat ek met woorde knoop,  
lê ek as my weefwerk voor jou voete neer.  
Trap ligvoets as jy op my tapyt loop,  
blootvoets op die klankmat, warm, teer.*

*Eendag wanneer jy oud is en ingetoë,  
jou dink moeg buite kloosterperke dwaal,  
vat my verse en verlig jou dowwe oë.*

Cas Vos  
(Uit: *Intieme afwesige* 2009)

## Predikanteverjaardae

- Die volgende predikante verjaar tot 10 Oktober, en word hartlik geluk gewens:
  - o Donderdag 2 Oktober: Prop JH (Hendrik) Breytenbach (studerend) en ds CJ (Charel) van der Berg (Ladysmith)
  - o Saterdag 4 Oktober: Ds SA (Schalk) Kok (Potchefstroom-Noord)
  - o Sondag 5 Oktober: Ds L (Leon) Janse van Rensburg (Namibkus)
  - o Maandag 6 Oktober: Di E (Etienne) Verhage (Bellville) en PF (Frikkie) Viljoen (Verwoerdburg)
  - o Dinsdag 7 Oktober: Dr PJ (Paul) de Beer (emeritus) en ds S (Steve) Oxtan (Silverton)
  - o Woensdag 8 Oktober: Prof JD (John) Gericke (emeritus/Setlaars) en dr WA (Willie) Strydom (Eikenhof/Johannesburg-Suid)
  - o Donderdag 9 Oktober: Dr WA (Wim) Dreyer (UP) en ds LJ (Sakkie) Meyer (emeritus)

## Beplande vergaderings

- o Donderdag 2 Oktober: ADV Finkom
- o Vrydag 3 Oktober: Kernkomitee Finansies en Administrasie



### *Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis*

**Parys, Vrystaat (kunsdorpie van die platteland)**

Kamers beskikbaar vir egpare en enkelopendes in die versorgingseenheid

**Dienste sluit in:**

- Ondersteuning/versorgingsdienste aan inwoners
- Wassery
- Vervoerdienste na privaatdokters
- Biblioteekdienste
- Snoepwinkel
- Maatskaplike dienste
- Kliniekdienste vir neem van bloeddruk, voetversorging en bedwasse

**Navrae aan Alet Botha**  
056 811 2185 of [AletB@otmt.org](mailto:AletB@otmt.org)

## Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Noordwestelike Pretoria**  
Wen 'n bakkie: Nissan Champ 1997-model  
Kaartjies R20 elk, boekie met 5 kaartjies R100  
10 of meer boekies word gratis afgelewer in Pretoria  
**Trekking 25 Oktober**  
Kontak Johanna Scholtz by 082 928 5592  
of Piet Dreckmeier by 072 443 8831
- **Gemeente Sasolburg-Suid: Fondsinsamelings**
  - o Wen 'n skootrekenaar: Samsung Notebook NP270E5E  
R10 per kaartjie  
Kontak Tobie by 083 327 1500 / [nhksasolsuid@gmail.com](mailto:nhksasolsuid@gmail.com)
  - o Wen 'n versamelaarsmes  
R50 per kaartjie  
Navrae aan [nhksasolsuid@gmail.com](mailto:nhksasolsuid@gmail.com)
  - o Koop 'n motorfiets: Kawasaki ZZR 1100  
Ongeveer 67 500 km, goeie toestand

R22 000 onderhandelbaar  
Vir fondsinsameling vir gemeente  
Kontak Freddie by 083 436 1402

## Basaars en markte

- **Saterdag 4 Oktober: Gemeente Strand: Saamstaanfees**  
Heerlike eetgoed, speletjies en baie meer  
Koop 'n kaartjie teen R50 en wen  
Koopbewys van R3 000 van 'n juwelierswinkel in Somerset-Wes  
of 'n wegbreeknaweek of -midweek  
of 6 goeie bottels Kaapse wyn en nog 2 bottels en nog 1 bottel  
Boekie het 10 kaartjies – ons pos dit dadelik vir u  
en hou die teenblaadje gereed vir die **trekking op 4 Oktober**  
Kontak Douw Steyn by 071 382 1900  
of Susan Swanepoel by 083 446 0020
- **Saterdag 25 Oktober vanaf 09:00: Gemeente Noordwestelike Pretoria  
Jaarlikse Varkmark**  
Pap-en-kaiings, ribbetjies-en-aartappels, *jaffles*, kerrie-en-rys, pannekoek  
Vetkoek-en-maalvleis, varkvleisprodukte, koek, poeding en meer  
Kontak Johanna Scholtz by 082 928 5592
- **Saterdag 1 November 08:00 tot 16:00  
Gemeente Schoemansdal (Hartbeespoort): Kersmark**  
Tafels beskikbaar teen R100 elk – geen verdere koste nie  
Kontak gemeentelike kerkkantoor by 012 235 0146

## ANDER NUUS

- **Ondersteuningsraad: Gholfdag te Tweefontein Gholfkлуб (Witbank)  
Saterdag 11 Oktober**  
Borgskappe R2 000 per putjie (putjieborge mag 'n gratis vierbal inskryf)  
Vierballe R800 of R200 per speler, wat speelfooie en halfweghuis insluit  
Kontak Christel le Roux by [christel@eventsandall.co.za](mailto:christel@eventsandall.co.za) of faks 086 655 4048  
of skakel 083 302 2217 tussen 09:00 en 16:00.
- **Bybelgenootskap: Mpumalanga Bible Run vir motorfietsentoesiaste  
Sondag 5 Oktober** vanaf 09:30 by NG Kerk in Graskop  
Kontak Francois Sieberhagen by 083 389 0708 /  
[sieberhagen@biblesociety.co.za](mailto:sieberhagen@biblesociety.co.za)
- **Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Wes-Kaap  
Prestige dinee vir Bybelverspreiding**  
Spreker: Sakeleier Brand Pretorius oor *dienende leierskap*  
**Datum: 24 Oktober** 19:00 vir 19:30  
Plek: NH The Lord Charles Hotel, Somerset-Wes  
Drag: Formeel / tradisioneel  
R490 per persoon / R4 800 vir tafels van tien  
Individuele besprekings welkom  
Kontak Heila van Wyk by 082 670 2968  
of stuur 'n e-pos na [heilavw.liaison@gmail.com](mailto:heilavw.liaison@gmail.com)

## Advertensies in die e-Hervormer

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees. (Let asseblief op die nuwe groottevoorskrif.)

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge.

**Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit).** (Die prys styg met ingang van Januarie 2015.) Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**



**Ná 89 jaar steeds die topverkoper-Bybeldagboek**  
**Uit die Beek 2015**

*Uit die Beek* bied aan lesers die geleentheid om hulle elke dag by die vars water van die Woord te verkwik en voor te berei vir die dag wat voorlê.

**R130,00**

**BM**  
BYBEL-MEDIA

Direkte bestellings:  
[bestel@bmedia.co.za](mailto:bestel@bmedia.co.za)  
Deeloproep:  
**0860 26 33 42**  
E-aankope:  
[www.bybelmedia.co.za](http://www.bybelmedia.co.za)

## KOMMENTAAR

Lesers kan **kort kommentaar** (uiters 100 woorde) stuur na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). Anonieme bydraes word nie gebruik nie, en die finale besluit oor plasing berus by die redakteur.

“Die voorbladartikel van 18 September deur Margaret Bakkes is sekerlik die mees samevattende omskrywing van wat ek van die leer, lewe en prediking van die Hervormde Kerk verstaan. Miskien nie so bedoel nie, maar omdat u dit as voorbladartikel kon gebruik, veroorloof ek my om die siening ook op die Kerk en haar lidmate toe te pas. Watter voorreg om so te kan leef en vertrou! Baie dankie, Margaret Bakkes, vir u geïnspireerde insig en woordkuns. Gee dat ons almal, die ganse Christendom, hierdie geheimenis van geloof mag erken, en nie vasgevang bly in menslike opvattinge en gelowe nie.”

**Richard Steinmann, Rivonia**

“Ek reageer op die bloedskenkberig van 25 September. U sal baie meer verbaas wees as die werklike getal mense wat geraak is, beskikbaar is. Dit kan dalk nader aan 7 000 wees uit die 20 skenkers. Ek het 51 eenhede geskenk en daar was 156 mense wat daarby baat gevind het.”

**Duncan Jackson, Worcester**

# AGTERBLAD

## Gebed vir die week

Al julle **groot** goed, seën die Here.  
Berg Kilimandjaro en die Victoriameer,  
die Sinkdal en die Serengetivlakte,  
vet kremetartbome en skaduryke mangobome,  
seën die Here.  
Prys en verheerlik Hom vir ewig en altyd.

Al julle **klein** goedjies, seën die Here.  
Besige swart miere en springende vlooië,  
wriemelende paddavissies en muskietlarwes,  
vlieënde sprinkane en waterdruppels,  
stuifmeelstof en tsetsevlieë,  
mannasaad en droë dagga,  
seën die Here.  
Prys en verheerlik Hom,  
vir ewig en altyd.

(Tradisionele Afrika-gebed)

